**21 April** **Skrifgedeelte: Johannes 20:1-10**
**Fokusgedeelte: Johannes 20:8**

## Eers glo, dan sien!

Johannes en Petrus het in Jesus geglo, maar as jy vir hulle sou vra: "Waar het julle regtig tot geloof gekom?" sou hulle seker antwoord: "Gaan lees Johannes 20:8. Daar in die leë graf met die opgerolde doeke het ons gesien en geglo."

Voor daardie tyd het hulle geglo, maar hulle het "nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moes opstaan nie" (vs 9). Jy kan baie dinge van God en Jesus glo, maar as jy nie glo dat Hy uit die dood opgewek is nie, glo jy nog nie regtig nie (Rom 10:9).

Jesus se volgorde is altyd: eers glo, dan sien! Hy verskyn nie direk aan sy dissipels nie, maar eis dat hulle eers moet reageer op berigte van die vrouens en op die boodskap van die opgerolde doeke. Toe hulle dit sien, glo hulle en eers daarna verskyn Jesus persoonlik aan hulle!

Ons het die Skrif, die Ou Testament en Nuwe Testament, en ons weet hoe sentraal die opstanding van Jesus in albei is. As jy dit glo, weet jy dat Hy leef en eendag sal jy Hom sien soos Hy werklik is (1 Joh 3:2).

Die vrouens wat by die graf aankom, vind dat die klip van die graf weggerol is. As jy die Skrif glo, vind jy dat God 'n baie groter klip uit jou lewenspad weggerol het, naamlik die dood deur die opstanding van Jesus uit die dood! Heerlik is dit as dié klip uit jou pad gerol is!

*Sing: Skrifberyming 2-4:3* *Ds. Chris Hattingh (Randburg)*